# Best Books Studiewerkgids:

# *Fiela se kind – die drama*

# vir

# Graad 12 Eerste Addisionele Taal

**Saamgestel deur**

**Junaid Anthony**

BEST BOOKS

# Inhoudsopgawe


**Hoe om hierdie studiewerkgids te gebruik** **1**

**Biografie: Dalene Matthee** **2**

**Voorwoord deur Frans Swart/Lefra Produksie oor die teaterproduksie** **3**

**Agtergrond van en aanloop tot *Fiela se kind – die drama*** **5**

**Die geskiedenis van Suid-Afrika waarop *Fiela se kind – die drama* gegrond is** **5**

**1. Wat is 'n drama?** **5**

**2. Die bou van 'n drama** **6**

**3. Opsommings van elke bedryf en kontekstuele vrae** **7**

**Die eerste bedryf (bl. 42–66)** **7**

3.1. TONEEL 1 (bl. 42–46) 7

- 3.1.1. Elias se monoloog (bl. 42) 7
- 3.1.2. Lukas is weg (bl. 42–44) 11
- 3.1.3. Die mans help soek (bl. 44–46) 13

3.2. TONEEL 2 (bl. 46–57) 17

- 3.2.1. Die Komoetie-gesin se lewe (bl. 46–48) 17
- 3.2.2. Die sensusmanne daag op (bl. 49–51) 21
- 3.2.3. Benjamin maak sy verskyning (bl. 51–55) 25
- 3.2.4. Die sensusmanne vertrek (bl. 56–57) 29

3.3. TONEEL 3 (bl. 57–59) 31

- 3.3.1. Die Van Rooyens (bl. 57–58) 31
- 3.3.2. Die nuus van die magistraat op Knysna (bl. 58–59) 33

3.4. TONEEL 4 (bl. 59–66) 36

- 3.4.1. Oggend in die Komoetie-huis (bl. 59–60) 36
- 3.4.2. Die sensusmanne kom haal vir Benjamin (bl. 60–62) 38
- 3.4.3. Benjamin moet Knysna toe gaan (bl. 62–66) 40

**Die tweede bedryf (bl. 67–90)** **44**

3.5. TONEEL 1 44

- 3.5.1. In die magistraat se kantoor (bl. 67–69) 44

3.6. TONEEL 2 (bl. 69–77) 47

- 3.6.1. Benjamin as Lukas by die Van Rooyens (bl. 69–70) 47
- 3.6.2. Lukas en Nina (bl. 70–74) 49
- 3.6.3. Elias, Barta en die kinders se rol (bl. 75–76) 53
- 3.6.4. Lukas probeer wegloop (bl. 76–77) 56

3.7. TONEEL 3 (bl. 77–80) 59

- 3.7.1. Fiela daag by die magistraat se kantoor op (bl. 77–78) 59
- 3.7.2. Fiela praat met die konstabel (bl. 79–80) 62

3.8. TONEEL 4 (bl. 80–83) 65

- 3.8.1. Elias vind vir Lukas in die Bos (bl. 80–82) 65
- 3.8.2. Elias sny Nina se hare af (bl. 82–83) 66

| | | |
|---|---|---|
| 3.9. | TONEEL 5 (bl. 83–84) | 68 |
| 3.9.1 | Fiela is terug by die huis (bl. 83–84) | 68 |
| 3.10. | TONEEL 6 EN 7 (bl. 84–90) | 71 |
| 3.10.1. | Fiela en die magistraat (bl. 84–87) | 71 |
| 3.10.2. | Die boswagter besoek die Van Rooyens (bl. 87–89) | 74 |
| 3.10.3. | Fiela besoek die Van Rooyens (bl. 89–90) | 77 |
| **Die derde bedryf (bl. 91–116)** | | **79** |
| 3.11. | TONEEL 1 (bl. 91–97) | 79 |
| 3.11.1. | Nina gaan werk op die dorp (bl. 91–93) | 79 |
| 3.11.2. | Nina loop van haar werk af weg (bl. 93–95) | 81 |
| 3.11.3. | Lukas kry vir Nina (bl. 95–97) | 84 |
| 3.12. | TONEEL 2 (bl. 97–103) | 89 |
| 3.12.1. | Lukas en Kaliel (bl. 97–100) | 89 |
| 3.12.2. | Nina besoek vir Lukas (bl. 100–101) | 93 |
| 3.12.3. | ’n Boodskap van Wolwekraal (bl. 101–103) | 96 |
| 3.13. | TONEEL 3 (bl. 103–109) | 99 |
| 3.13.1. | Benjamin kom in die Lange Kloof aan (bl. 103–104) | 99 |
| 3.13.2. | Fiela en Selling is bekommerd oor Benjamin (bl. 105–106) | 101 |
| 3.13.3. | Benjamin vra vir Fiela oor sy herkoms (bl. 106–109) | 103 |
| 3.14. | TONEEL 4 (bl. 109–110) | 108 |
| 3.14.1 | Lukas is terug in die Bos (bl. 109–110) | 108 |
| 3.15. | TONEEL 5 (bl. 111–112) | 110 |
| 3.15.1 | Lukas is terug op die dorp (bl. 111–112) | 110 |
| 3.16. | TONEEL 6 (bl. 112–114) | 112 |
| 3.16.1 | Lukas is terug in die Bos (bl. 112–114) | 112 |
| 3.17. | TONEEL 7 (bl. 114–116) | 115 |
| 3.17.1 | Die brief aan Benjamin (bl. 114–116) | 115 |
| 3.18. | TONEEL 8 (bl. 116) | 117 |
| 3.18.1 | Lukas verlaat Mister Benn (bl. 116) | 117 |
| 4. | Karakters | 120 |
| 5. | Simbole | 123 |
| 6. | Kenmerkende aspekte van ’n drama | 124 |
| 7. | Letterkundeterme | 125 |
| 8. | Konsepvraestel | 127 |
| 9. | Bibliografie | 131 |
| 10. | Lys van karakters in die teaterproduksie | 132 |
| 11. | Antwoorde op kontekstuele vrae | 133 |
| 12. | Antwoorde op konsepvraestel | 158 |

# Biografie: Dalene Matthee



© Annari van der Merwe

Die skrywer vandie roman, *Fiela se kind*, Dalene Matthee (gebore Scott), is op 13 Oktober 1938 op Riversdal in die Suid-Kaap gebore. Sy matrikuleer in 1957 en ontvang later op Oudtshoorn en Graaff-Reinet verdere musiekopleiding. Sy behaal ook haar lisensiaat (sertifikaat) in klavier.

In 1956, op die ouderdom van agtien jaar, trou sy met Larius Matthee. Uit hierdie huwelik word drie dogters gebore. Ná hulle geboorte begin Dalene skryf – aanvanklik kinderverhale vir die radio, maar later ook tydskrif- en vervolgverhale. *Die twaalfuurstokkie*, haar eerste boek, word in 1970 gepubliseer. Daarna sien verskeie ander boeke – *'n Huis vir Nadia* (1982*)*, *Die Judasbok* (1982*)*, *Petronella van Aarde, burgemeester* (1983) en 'n bundel kortverhale – die lig voordat sy met haar Bosromans beroemdheid verwerf.

Teen die einde van 1978 gaan Dalene op 'n driedae-staptog deur die Knysnabos. Ná die staptog snuffel sy in die museum op Knysna rond vir inligting oor die inheemse bome en daar win sy die kennis in wat uiteindelik die onderbou van haar Bosboeke vorm. In die museum kom sy ook af op die geskiedenis van een van die boswerkerkinders wat van sy familie weggebreek het om sy geluk op sy eie te gaan soek: dit word die verhaal van Saul Barnard in *Kringe in 'n bos* (1984).

Nog twee Bosboeke volg: *Fiela se kind* (1985) en *Moerbeibos* (1987). In 1993 verskyn *Brug van esels* en in 1995 *Susters van Eva*. *Pieternella van die Kaap* volg in 2000 en die vierde en laaste Bosroman, naamlik *Toorbos*, in 2004.

Dalene Matthee is op 20 Februarie 2005 in Mosselbaai oorlede. In September 2005 word haar laaste boek, *Die uitgespoeldes*, gepubliseer. Haar boeke het 'n groot impak op die samelewing gehad.

Sy ontvang verskeie toekennings vir haar skryfwerk. In 1986 word sy die eerste vrou en persoon buite dieboswese wat die gesogte Suider-Afrikaanse Instituut van Boswese-toekenning ontvang. Dit word in 2004 weer aan haar toegeken. Ander toekennings is onder andere die ATKV-Prosaprys (vier keer) en in 1993 was sy die eerste Suid-Afrikaner wat die Switserse Stab-toekenning ontvang het.

Tydens 'n meningsopname in 1999 by 350 biblioteke landwyd is *Fiela se kind* as die Suid-Afrikaanse Boek van die Eeu aangewys. In die algemene kategorie was *Fiela se kind* tweede naas J.R. Tolkien se *Lord of the Rings*.

In 2007 word die Nasionale Departement van Kuns en Kultuur se Suid-Afrikaanse Literêre Toekenning nadoods aan Dalene toegeken. Op 23 Februarie 2008 word 'n gedenksteen vir haar by die groot geelhoutboom by Krisjan-se-nek in die Knysnabos onthul. Die boom van 880 jaar is herdoop na die Dalene Matthee Big Tree en die staproete wat hier begin, het die Kringe in 'n bos-staproete geword. Haar as is by Krisjan-se-nek gestrooi.

In 2015 word die Sanlam Knysna Awards gehou en Dalene Matthee ontvang erkenning van haar bydrae tot Knysna se gemeenskap en letterkundige-erfenis.

Dalene Matthee is die enigste Afrikaanse skrywer van wie meer as een miljoen boeke in Afrikaans in Suid-Afrika verkoop is. In 2007 het twee van haar boeke Exclusive Books ('n boekhandelaar in Suid-Afrika) se lys van "101 books to read before you die" gehaal.

Met haar boeke het Dalene Matthee daarin geslaag om tot in die hart en siel van mense te dring.

# Agtergrond van en aanloop tot die roman, *Fiela se kind*

Die roman, *Fiela se kind*, wat in 1985 verskyn, is eintlik die tweede boek in Dalene Matthee se Bos-trio. Die roman is later omskep in ’n fliek en ook ’n drama.

Die hoofkarakter van die roman en drama is Benjamin Komoetie, die blanke vondelingkind van die bruin vrou, Fiela Komoetie. Hoewel hy nie haar biologiese kind is nie maak sy hom met liefde groot. Eendag daag die blanke sensusopnemers (*census-taker*) op, vind die blanke kind tussen die bruin mense en neem hom weg van sy gesin. Maar jare later staan Benjamin Komoetie op die drumpel van volwassenheid en hy sukkel met die groot vraag: **“Wie is ek? Wie se kind is ek?”**

Die drama begin in die Bos waar Elias van Rooyen, ’n blanke houtkapper en sy vrou, Barta, woon. Hulle driejarige seuntjie raak op ’n dag weg en word nooit gevind nie.

Aan die ander kant van die Bos, in die Lange Kloof op die plaas Wolwekraal, woon Fiela Komoetie. Een nag kry sy ’n driejarige blanke kind wat voor haar deur staan en huil. Sy sien die kind as ’n weggooilam wat God aan haar toebetrou (*entrusted*) het. Sy raak geheg aan hom en hy aanvaar die Komoeties as sy eie gesin.

Die kind in die Bos is Lukas van Rooyen en die kind in die Lange Kloof is Benjamin Komoetie. Vir ons ontstaan die vraag: **Is dit dieselfde kind? Kan ’n klein kind so vêr geloop het, uit die Bos tot in die Lange Kloof?**

Nege jaar later word die saak weer oopgekrap wanneer twee sensusmanne in die Lange Kloof opdaag. Toe hulle op Wolwekraal aankom, vind hulle die blanke kind onder die bruin mense.

En sewe jaar later is dit dan die vraag waarmee die negentienjarige Benjamin/Lukas as jong volwassene worstel (*struggles with*): **“Wie is ek?”**

Hy moet uitvind wie hy werklik is, want anders kan hy nooit die vrou op wie hy verlief raak syne maak nie. Die antwoord op sy vraag lê diep weggesluit in sy verlede en hoe harder hy probeer om dit te kry, hoe meer ontwyk dit hom (*evades him*).

Die vraag word uiteindelik ’n universele vraag en les vir die mens, soekend na sy eie identiteit.

# Die geskiedenis van Suid-Afrika waarop *Fiela se kind* gegrond is

Om die drama se storielyn te verstaan, moet jy kennis dra van die geskiedkundige gebeure in Suid-Afrika in die tyd wanneer dit afspeel. Die belangrikste hiervan is natuurlik die onderskeid wat tussen mense van verskillende velkleure getrek is – apartheid.


Hoewel dit in die era waarin die drama afspeel nog nie wet was nie, was daar al ’n duidelike onderskeid tussen die blanke mense en die anderkleuriges in ons land. Die blanke mense was die bevoorregte groep mense en die anderkleuriges was minderbevoorreg. Die blanke mense het die wet aan hulle kant gehad en die wet was baas.

Selfs as anderkleuriges ryker was as blanke mense, is die blanke mense destyds steeds as verhewe bo hulle gesien, net omdat hulle blank was.

## 1. Wat is ’n drama?

Die woord “drama” kom uit Grieks en beteken “handeling”. ’n Storie word deur middel van handeling en dialoog aan die gehoor/leser vertel. Dit beteken ’n drama kan opgevoer of gelees word. Daar is egter verskillende beperkings op die drama, want dit word deur tyd, ruimte en finansies beïnvloed. Die grootste voordeel van die drama is dat jy dinge voor jou sien gebeur.

## 2. Die bou van 'n drama




| TERM | DEFINISIE | VOORBEELD UIT DRAMA |
|---|---|---|
| Eksposisie | Dit is die begin van die drama. Die gehoor/leser word ingelig oor die plek, tyd, omstandighede, belangrike karakters en verhoudings met mekaar. | Die plekruimte is die Bos.<br>Elias se monoloog waarin hy vir ons van hom en sy kinders vertel.<br>Later Fiela se plekruimte, nl. die Lange Kloof en haar gesin. |
| Klimaks | Die finale, onvermydelike gebeurtenis in die drama.<br>Konflik raak hewiger en die spanning erger. | Dit is wanneer die sensusmanne in die Lange Kloof opdaag en besluit Benjamin moet Knysna toe gaan. |
| Verwikkeling (stygende spanning) | Die handeling, nl. die motoriese moment word verder gevoer en daar is die eerste tekens van naderende konflik. | Nadat die sensusmanne vertrek het, besluit Fiela dat Benjamin Knysna toe moet gaan en alles wat hierna gebeur, is deel van die verwikkeling. |
| Krisis (hoogtepunt) | Sake het nou breekpunt bereik en 'n uitbarsting kan nie gekeer word nie. Die handeling neem 'n wending na die een of ander kant toe. | Barta eien Benjamin as haar verlore seun, Lukas, en die magistraat besluit dat hy nou Lukas van Rooyen is en saam met sy "ouers" Bos toe moet gaan. |
| Ontknoping (dalende spanning) | Die karakters kom tot nuwe insigte en lei ons tot die slotsom. | Benjamin (Lukas) gaan terug na Barta toe om uit te vind wie hy werklik is en sy noem dat sy die verkeerde kind gevat het. |
| Denouement | Die einde van die drama en die konflik word opgelos – soms is daar 'n verrassing of onsekerheid. | Benjamin neem die naam Benjamin Komoetie en hy keer terug Lange Kloof toe.<br>Die gehoor/leser word met die idee gelaat dat Nina later by hom sal aansluit. |

## 3. Opsommings van elke bedryf en kontekstuele vrae

# Die eerste bedryf (bl. 42–66)

## TONEEL 1

### DEEL 1: Elias se monoloog (bl. 42)



Elias tydens sy monoloog

**MOEILIKE WOORDE**

**steier** – *scaffold*

**snuif** – *sniffing (Die kinders ly aan die snuif.)*

**nattigheid** – *dampness*

**onrustig** – *worried*

**ergernis** – *annoyance*

**verkwansel** – *sell*

**liksens** – *license*

**UITDRUKKINGS**

**Ek is gedaan.** *(I am exhausted.)*

**Ek sal moet vorentoe dink.** *(I have to think of the future.)*

**OPSOMMING**

Dit is ’n woudtoneel en vorm deel van die eksposisie. Die boshuis is links. Ons sien ook die mis hang dig oor die Bos.

Elias voer ’n monoloog waarin hy meer van sy gesin vertel. Wanneer sy vrou, Barta, op die toneel verskyn, maak Elias asof hy baie besig is. Die gehoor/leser kry dadelik die idee dat hy lui en agterbaks is.

Ons leer ook wat Elias se wens vir hom en sy gesin is.

**SUMMARY**

A forest scene that forms part of the exposition. *The “boshuis” is to the left. We also notice thick mist hanging over the Forest.*

Elias gives a monologue and tells us about his family. *When his wife, Barta, appears, he pretends to be very busy. The audience/reader gets the idea that he is lazy and cunning.*

We also become aware of his dream for himself and his family.

## Kontekstuele vrae

1. **Skryf die regte antwoord in die oop spasie. Die woudtoneel in die inleiding is deel van die ________________________.**
   A. **krisis**
   B. **klimaks**
   C. **motoriese moment**
   D. **eksposisie** (Vlak 3) (1)

   Write the correct answer in the given space. The forest scene in the introduction forms part of the ________________________.
   A. crisis
   B. climax
   C. motoric moment
   D. exposition

2. **Waarom word daar op die mis gefokus?** (Vlak 3) (1)
   Why is the focus on the mist?

   ______________________________________________

   ______________________________________________

3. **Wat is Elias se lewensfilosofie?** (Vlak 1) (1)
   What is Elias' outlook on life?

   ______________________________________________

   ______________________________________________

4. **Hoe ervaar Elias die Bos?** (Vlak 1) (1)
   How does Elias experience the Forest?

   ______________________________________________

   ______________________________________________

5. **Wat is fout met die Van Rooyens se kinders?** (Vlak 1) (1)
   What is wrong with the Van Rooyen children?

   ______________________________________________

   ______________________________________________

6. **Verduidelik waarom die kinders chronies siek bly.** (Vlak 2) (1)
   Explain why the children are chronically ill.

   ______________________________________________

   ______________________________________________

7. **Kyk na die volgende uittreksel uit Elias se monoloog.**
   Read the following extract from Elias' monologue.

   **"Ek sal êrens 'n paar ou sinkplate in die hande moet kry."**

   **Gee 'n kritiese evaluering van Elias se karakter.** (Vlak 4) (2)
   Critically evaluate Elias' character.

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   ______________________________________________

8. **Wat lei jy af uit Elias se optrede wanneer hy Barta hoor aankom?** (Vlak 3) (2)
What do you conclude about Elias' behaviour when he hears Barta coming?

9. **Hoe voel Barta wanneer sy na Lukas vra?** (Vlak 1) (1)
How does Barta feel when she asks about Lukas?

10. **Waarom, dink jy, fokus die dramaturg juis hier op Barta se onrustigheid oor Lukas?** (Vlak 3) (2)
Why, do you think, does the playwright focus on Barta's restlessness over Lukas at this point?

11. **Beskryf Barta soos Elias haar sien.** (Vlak 1) (1)
Describe Barta as seen by Elias.

12.
12.1 **Vir wie wil Elias kry om hom te help balke saag?** (Vlak 1) (1)
Whom does Elias want to help him cut beams?

12.1 **Hoekom wil Elias hê hy moet kom help?** (Vlak 1) (1)
Why does Elias want his assistance?

13. **Waarom gebruik Elias nie sy eie kinders om hom te help nie?** (Vlak 3) (1)
Why does Elias not use his own children to help him?

14. **Hoekom besluit Elias om nie dié persoon te gebruik nie?** (Vlak 1) (1)
Why does Elias decide against using this person?

15. **Hoe dink Elias kan jy ryk word in die Bos?** (Vlak 1) (1)
How, according to Elias, can you grow rich in the Forest?

16. **Waarom het Elias nog nie olifante begin jag nie?** (Vlak 2) (1)
Why has Elias not started hunting elephants yet?

17. **Dink jy dit is reg dat mense jag maak op diere vir eie gewin? Antwoord JA of NEE en motiveer jou antwoord.** (Vlak 5) (2)
Do you think it is acceptable for people to hunt animals for personal benefit? Answer YES or NO and motivate your answer.

18. **Wat kan die regering doen om onwettige jag op diere stop te sit? Verskaf TWEE voorstelle.** (Vlak 5) (2)
What can the government do to stop illegal hunting of animals? Make TWO suggestions.

19. **Watter probleem sou Elias ervaar as hy die geld het om 'n geweer en koeëls te koop?** (Vlak 1) (1)
What problem would Elias experience if he had the money to buy a shotgun and ammunition?

20. **Hoekom wil Elias self aan die skepe gaan verkoop?** (Vlak 1) (1)
Why does Elias prefer to supply directly to the ships?

21. **Waarom sal die houtkopers Elias wil keer om ivoor direk aan die skepe te verkoop?** (Vlak 1) (1)
Why would the wood buyers prevent Elias from selling ivory directly to the ships?

**Post-lees: Die dagboekinskrywing**

Elias het nog wense en drome wat hy wil verwesenlik.

Net soos Elias het jy ook wense en drome vir jou toekoms. Skryf in jou dagboek wat jou drome en wense is en wat jou vrese vir die toekoms is.

## Ander notas:

## DEEL 2: Lukas is weg (bl. 42–44)

### MOEILIKE WOORDE

**sukkel** – *struggle*
**gedaante** – *figure*
**oorle** – *late*
**verkluimde** – *frozen*
**katel** – *bed*
**oralster** – *everywhere*
**weergalm** – *echo*

### UITDRUKKINGS

**Nou vir wat moet ek julle alles voorsê.** *(Why must I tell you everything?)*

**Nina is nog aan die tiet.** *(Nina is still being breast-fed.)*

### OPSOMMING

Willem kom sê vir Elias dat Lukas nie tuis is nie. Elias stuur vir Willem om by die bure te gaan kyk of hy dalk daar is. Die gesoek lewer niks op nie.

Tant Malie vertel van 'n gebeurtenis uit die verlede. Dit berei die gehoor/leser voor vir die ergste wat kan gebeur. Almal gaan soek weer, maar steeds kry hulle nie vir Lukas nie.

Tant Gertjie stel voor dat hulle die manne laat kom om hulle te help soek.

### SUMMARY

Willem reports to Elias that Lukas is not at home. Elias sends Willem to the neighbours to enquire about Lukas. Lukas is nowhere to be found.

Tant Malie tells them of a similar incident from the past. It prepares the audience/reader for the worst that can happen. Everyone searches for Lukas, but to no avail.

Tant Gertjie proposes that they call in the men to search for Lukas.

## Kontekstuele vrae

1. **Waaraan dink Elias terwyl Willem na Lukas gaan soek?** (Vlak 1) (1)
What does Elias think of when Willem goes in search of Lukas?

_______________________________________________

_______________________________________________

2. **Voltooi die paragraaf deur die ontbrekende woorde in te vul.** (Vlak 2) (7)
Complete the paragraph by filling in the missing words.

Elias en Barta se kinders is 2.1 ________________ wat die oudste is. Hy is 2.2 ________________ jaar oud. Dan is daar 2.3 ________________ en hy is 2.4 ________________ jaar oud. Die enigste dogter is 2.5 ________________ en sy is maar net 2.6 ________________ jaar oud. Die jongste seun is 2.7 ________________.

3. **Hoe reageer Elias wanneer Barta weer na hom toe kom om te vra oor Lukas?** (Vlak 1) (1)
How does Elias react when Barta comes to ask about Lukas again?

_______________________________________________

_______________________________________________

4. **Dink jy Elias se optrede is reg? Antwoord JA of NEE en motiveer jou antwoord.** (Vlak 5) (2)
Do you think Elias reacts appropriately? Answer YES or NO and motivate your answer.

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

5. **Hoe dra tant Malie by om die atmosfeer meer gespanne te maak?** (Vlak 3) (1)
How does tant Malie contribute to the tense atmosphere?

6. **"Barta druk 'n vuis in haar mond en byt op haar kneukels."**
**Dink jy Barta se optrede is geloofwaardig? Motiveer jou antwoord.** (Vlak 5) (2)
Do you think Barta's action here is credible? Motivate your answer.

7. **Vir wie blameer Elias vir die kind se verdwyning?** (Vlak 1) (1)
Whom does Elias blame for the child's disappearance?

8. **Dink jy Elias is regverdig om haar te blameer? Motiveer jou antwoord.** (Vlak 5) (2)
Do you think Elias' reaction is justified? Motivate your answer.

9. **Watter TWEE dinge word genoem om die gehoor/leser op die ergste voor te berei?** (Vlak 3) (2)
Identify TWO THINGS mentioned to prepare the audience/reader for the worst outcome.

10. **Wat stel tant Gertjie voor moet hulle doen?** (Vlak 1) (1)
What does tant Gertjie propose they do?

**Post-lees: Verslag vir die polisie**

Die boswagter daag by die boshuis op en wil weet wat Lukas tydens sy verdwyning aangehad het en wat gebeur het.

Jy is Elias of Barta. Skryf die verslag vir die boswagter.

## Ander notas:

# KARAKTERS

Dit is die mense wat in die drama uitgebeeld word. In *Fiela se kind – die drama* kan hulle in drie groepe verdeel word: die mense van die Lange Kloof, die mense van die Bos en die mense van Knysna en omgewing.

## DIE MENSE VAN DIE LANGE KLOOF

### Fiela Komoetie

Hoewel Fiela Komoetie, 'n bruin vrou, nie die sentrale karakter is nie, word haar belangrikheid reeds deur die titel voorspel. Benjamin/Lukas is haar hanskind. Fiela is die standvastige matriarg, die stabiele faktor in die gesin. Sy strewe na geluk, maar sy word gedwarsboom deur ander mense en haar omstandighede. In Fiela het ons die aartsmoeder wat haar gesin met liefde, geduld, harde werk en onwrikbare geloof in God aan mekaar bind. Sy is 'n geloofwaardige karakter en 'n rolmodel vir die moderne vrou. Sy wek deernis by mense.



Although Fiela Komoetie, a coloured woman, is not the central character in the drama, her importance is already predicted in the title. Benjamin/ Lukas is her hand-fed child. She is the steadfast matriarch, the stable factor of the family. Her aspiration to happiness is obstructed by other people and her circumstances. Fiela represents the earth mother who keeps her family together with love, patience, hard work and a firm believe in God. She is a credible character and a role model for modern women. People have compassion with her.

### Selling Komoetie

Selling Komoetie, Fiela se man, is 'n goedgeaarde en intelligente man. Hy is egter sieklik en swak sedert hy jare gelede in die tronk was en is totaal afhanklik van haar. Sy moet hom gedurig motiveer om te werk. Hoewel hy fisiek swak is, blyk dit dat hy geestelik sterk is – Fiela steun op sy insig en wysheid en vra hom om raad. As raadgewer is hy gevolglik 'n goeie rolmodel. Wanneer dit egter by die opvoeding en dissipline van sy kinders kom, is hy nie 'n leier nie – hy volg maar vir Fiela.



Selling Komoetie, Fiela's husband, is a kind-hearted and intelligent man. However, his health deteriorated after he spent time in prison years ago and he is totally dependent on Fiela. She continually has to motivate him to work. Although physically weak, Selling is mentally strong – Fiela depends on him for advice and support. As an advisor, he is a good role model. As far as discipline and education of his children are concerned, he has no leadership qualities and merely follows Fiela.

### Fiela en Selling se kinders

**Dawid:** Fiela se "mooi kind". Hy ondersteun haar die meeste, maar sterf baie jonk.
Fiela's "beautiful child" who supports her the most but dies at a very young age.

**Tollie:** Fiela se ander seun wat later 'n alkoholis word, iemand tydens 'n bakleiery met 'n mes steek en in die tronk beland.
Fiela's other son who becomes an alcoholic, stabs someone with a knife during a fight and ends up in prison.



Dawid en Kittie

# KENMERKENDE ASPEKTE VAN 'N DRAMA

| Begrip | Definisie | Engelse-vertaling |
|---|---|---|
| **Eksposisie** | Die openingstoneel waar ons meer leer van die ruimte, karakters en hulle verhoudings met mekaar. | This is the opening scene where we learn about the setting, characters and their relationships with one another. |
| **Motoriese moment** | Die een gebeurtenis wat aanleiding gee tot al die ander gebeure.<br>(Die koms van die sensusmanne.) | The one event that leads to all other events.<br>(The arrival of the census men.) |
| **Verwikkeling** | Dit is die lys van gebeure wat ná die motoriese moment plaasvind tot ons die klimaks bereik.<br>(Die sensusmanne gaan terug Knysna toe om uit te vind wat om te doen. Hulle keer later terug om Benjamin Knysna toe te neem.) | The list of events that takes place after the motoric moment, until we reach the climax.<br>(The census men return to Knysna to find out what to do. Later they come back to take Benjamin to Knysna.) |
| **Klimaks** | Die een hoogtepunt in die drama wat deur die motoriese moment veroorsaak word.<br>(Benjamin word aan die Van Rooyens gegee.) | The highlight in the drama that is caused by the motoric moment.<br>(Benjamin has to go with the Van Rooyen family.) |
| **Ontknoping** | Die gebeure wat ná die klimaks en die krisis gebeur.<br>(Barta erken dat sy die verkeerde kind gekies het.) | The events that happen after the climax and the crisis. (Barta admits that she lied about Benjamin.) |
| **Milieu/Ruimte** | Dit is die plek waar die drama afspeel.<br>(Lange Kloof, die Bos, Knysna) | The place where the drama happens.<br>(Lange Kloof, the Forest, Knysna) |
| **Brug in elke ruimte vir Benjamin** | Die persoon op wie Benjamin in die verskillende ruimtes kan staatmaak.<br>Lange Kloof – Fiela<br>Die Bos – Nina<br>Knysna – Kaliel | The person on whom Benjamin can depend in the various settings.<br>Lange Kloof – Fiela<br>The Forest – Nina<br>Knysna – Kaliel |
| **Benjamin as buitestander** | 'n Buitestander is 'n karakter wat nie in die milieu of by die ander karakters inpas nie.<br>(Lange Kloof – hy is die blanke seun tussen bruin mense;<br>Knysnadorp – hy is die vuil houtkapper uit die Bos;<br>Knysnabos – hy is die verlore seun, Lukas, met ander waardes as die Van Rooyens;<br>Knysna see – nie seker of hy Benjamin of Lukas of dalk die seun van 'n matroos is nie.) | An outsider is a character who does not fit in the setting or with the other characters.<br>(Lange Kloof – he is the white son amongst coloured people;<br>Knysna town – he is the dirty wood cutter from the Forest;<br>Knysna Forest – he is the lost boy, Lukas, whose values differ from those of the Van Rooyen family;<br>Knysna sea – uncertain whether he is Benjamin or Lukas or maybe the son of a sailor) |
| **Motiewe** | Die verskillende aspekte waarop deurlopend gefokus word.<br>(Ras en klas, identiteit, bevryding, onreg en geheime) | The different themes that are addressed throughout.<br>(Race and class, identity, emancipation, injustice and secrets.) |

# Konsepvraestel

Uittreksel 1: Lees die uittreksel en beantwoord die vrae.

*WILLEM terug.*

**WILLEM:** Pa, Lukas is nie by tant Malie nie.

**ELIAS:** Het jy by tant Anna gevra?

**WILLEM:** Nee, Pa.

**ELIAS:** Nou vir wat moet ek julle alles voorsê?

**WILLEM:** Ja, Pa.

*WILLEM af.*

**ELIAS:** 'n Man sukkel tot sy kinders die dag groot genoeg is om te kan help, maar ek sal nog lank moet sukkel. Willem is maar ses, Kristoffel vyf, Lukas drie en Nina nog aan die tiet.

BARTA *kom soos 'n gedaante deur die mis aan.*

**BARTA:** Elias?

**ELIAS:** Wat is dit nou weer, vrou? Kan julle nie sien ek is besig nie?

**BARTA:** Was die kind nie hier by jou nie?

**ELIAS:** Ek het jou mos gesê hy was nie hier nie.

**BARTA:** Ek was by Sofie, hy's nie daar nie.

MALIE, TANT GERTJIE *en* SOFIE *op.*

**TANT MALIE:** Dit het my oorle antie agter Karatara se bos oorgekom. Sy het gedink die kind is saam met die ander om te gaan vuurhout kap en so kom sy dit eers die middag agter dat hy wég is. Meer as 'n week later het hulle die verkluimde liggaampie gekry. Ons is nog die dag begrafnis toe.

## Kontekstuele vrae

1. Identifiseer die ruimte waar die uittreksel plaasvind. (Vlak 2) (1)

______________________________

2. Waarvan word die ruimte later simbolies vir Lukas? (Vlak 3) (1)

______________________________

3. Wie is tant Malie? (Vlak 1) (1)

______________________________

4. Waarom vertel tant Malie die storie van haar tante in Karatara? (Vlak 3) (1)

______________________________

______________________________

5. Tant Malie se vertelling van die kind wat by Karatara weggeraak het, is 'n voorbeeld van ______________________________. (Vlak 2) (1)

   A. dramatiese doelstelling
   B. dramatiese ironie
   C. dramatiese struktuur
   D. dramatiese spanning

6.
   6.1 Haal 'n voorbeeld van 'n vergelyking aan uit die uittreksel. (Vlak 1) (1)

   ______________________________

   6.2 Verduidelik die vergelyking in jou eie woorde. (Vlak 3) (1)

   ______________________________

6.3 Is dit 'n suksesvolle gebruik van die vergelyking? Antwoord JA of NEE. Motiveer jou antwoord. (Vlak 4) (1)

______________________________________________

7. Pas die inligting in kolom B by die karakters in kolom A. (4)

| Kolom A | | Kolom B | |
|---|---|---|---|
| 7.1 | Kristoffel | A | Elias se jongste seun |
| 7.2 | Willem | B | Drink nog moedersmelk. |
| 7.3 | Nina | C | Elias se oudste kind |
| 7.4 | Lukas | D | Die middelste van die drie seuns |

8. **Elias raak geïrriteerd indien hy gesteur word.**
Verduidelik hoekom jy met die stelling saamstem. (Vlak 3) (1)

______________________________________________

9. Wat lei ons van Elias se karakter af wanneer ons die uittreksel lees? (Vlak 4) (2)

______________________________________________

______________________________________________

10. Wat is die hoofgedagte wat uit die uittreksel na vore kom wat later 'n effek op die res van die drama het? (Vlak 3) (1)

______________________________________________

______________________________________________

11. **Tant Malie verwag altyd net die slegste.**
Verduidelik hoekom die stelling WAAR is. (Vlak 3) (1)

______________________________________________

______________________________________________

12. Dink jy Elias is 'n goeie rolmodel vir sy kinders? Antwoord JA of NEE. Motiveer jou antwoord. (Vlak 4) (1)

______________________________________________

______________________________________________

**[18]**